



BEPALINGS EN VOORWAARDES

Electronic Media Network Limited (M-Net)

1. Hierdie is die standaard bepalinge en voorwaardes vir kompetisies wat deur, of in samewerking met Electronic Media Network Limited ("M-Net") aangebied word.
2. Jou kompetisie-inskrywing en/of jou aanvaarding van 'n prys (indien jy 'n prys wen) vorm 'n bindende aanvaarding van die bepalinge en voorwaardes namens jouself en enige persoon met wie jy die prys mag deel (in die geval waar jy 'n prys wen wat deur jou met een of meer persone gedeel word ("jou mededeelnemers"). Baie belangrik: die skool wat ingeskryf het wen die pryse (dus die skool wen die prys(e)) soos deur die beoordeelaars bepaal en die skoolhoof bepaal self wie die prys of pryse binne die skool wen.
3. Die volgende persone kan nie inskryf vir die kompetisie nie:
 - 3.1 direkteure, lede, vennote, agente, werknemers of konsultante van M-Net of enige maatskappy binne die Naspers Groep van maatskappye, of enige verskaffer van goedere en dienste aangaande die kompetisie nie; en
 - 3.2 die wederhelf, lewensmaat, besigheidsvennoot of medelede, of die aangenome of biologiese ouer, kind of sibbe, van enige persone soos in 3.1 beskryf nie.
4. Skole moet seker maak dat leerders onder die ouderdom van 18 jaar die nodige toestemming van hulle ouers of voogde het voor hulle inskryf.
5. Jy mag nie vir 'n kompetisie inskryf of daaraan deelneem nie, indien jy reeds 'n prys gewen het in 'n kompetisie wat deur, of in samewerking met M-Net, in die afgelope ses maande aangebied is nie. Jy kan weer inskryf vir 'n kompetisie ses maande na die datum waarop jy 'n kompetisie gewen het.
6. Indien jy 'n selfoon gebruik om in te skryf, sal die standaardtariewe vir oproepe en SMS'e geld, wat van tyd tot tyd mag verander. Gratis lugtyd op jou selfoonkontrak geld nie.
7. Dit is jou verantwoordelijkheid om te verseker dat jou inskrywing ontvang is voor die sluitingsdatum van die kompetisie. Enige laat inskrywings wat deur ons ontvang is sal nie aan die kompetisie mag deelneem nie, ongeag die rede vir die laat inskrywing.
8. Ons en ons geaffilieerdes is nie verantwoordelik vir enige inskrywings wat nie deur ons ontvang is nie, ongeag of dit voor die sluitingsdatum is of nie, hetsy die rede daarvoor. Ons en ons geaffilieerdes is, sonder enige beperkinge, nie verantwoordelik vir enige probleem of tegniese wanfunksionering van enige telefoonnetwerk of lyne, aanlyn rekenaar sisteme, rekenaarbedieners, of verskaffers, rekenaarharde- of sagteware onderbreking of wanfunksionering, verkeersopeenhopings (hetsy fisies, op die internet, telefoonlyne of by enige diensverskaffer, webblad of enige ander toestel of medium), of enige kombinasie daarvan, of enige ander tegniese of ander probleme, nie.
9. Ons en ons geaffilieerdes is nie verantwoordelik vir enige besering of skade aan jou of enige ander persoon se rekenaar, selfoon, of enige ander toestel wat gebruik is om in te skryf, of om enige materiaal verbonde aan die kompetisie te verkry, nie.
10. Dit is jou verantwoordelijkheid om te verseker dat enige inligting wat jy aan ons verskaf, akkuraat, volledig en op datum is.

11. Enige kostes of uitgawes wat jy aangaan anders as die ten opsigte van daardie items wat spesifiek by die prys ingesluit is, sal vir jou eie rekening wees. M-Net of KykNET sal nie verantwoordelik wees vir enige kostes of uitgawes wat deur jou, of jou mededeelnemers (indien van toepassing), aangegaan word vir die doel van en tydens jou kompetisie inskrywing en die aanvaarding van en/of gebruik van 'n prys, nie.
12. Ons stel geen verhoë of gee enige waarborge, hetsy uitdruklik of onuitgesproke, ten opsigte van die prys, en spesifiek maar sonder enige beperkinge, stel ons geen verhoë en gee enige waarborge wat-
 - 12.1 jou inskrywing in of deelname aan die kompetisie sal tot gevolg hê dat jy 'n prys wen nie;
 - 12.2 'n prys, of enige aspek daarvan, aan jou of, indien van toepassing, jou mededeelnemer se behoeftes, voorkeure, standaarde of verwagtinge sal voldoen nie; of
 - 12.3 'n prys, of enige aspek daarvan, bevredigend, stiptelik, vry van enige defekte, veilig of betroubaar sal wees nie.
13. Ons en ons geaffilieerdes kan nie verantwoordelik gehou word vir enige skade, verlies of eis ten opsigte van die lewering van enige element van 'n prys, of enige verandering aan 'n prys wat ter enige tyd gemaak word nie.
14. Pryse is nie oordraagbaar nie, en mag nie uitgestel, verander of vir kontant of enige ander item, geruil word nie.
15. Jy mag nie 'n prys wen indien dit onwettig is vir ons om die prys aan jou te verskaf nie. Indien jy wel so 'n prys wen, sal jy die prys verbeur.
16. Jy moet in besit wees van die nodige dokumente en toestemmings wat vereis word ten einde 'n prys te gebruik, insluitend, ten opsigte van internasionale reise, 'n geldige paspoort en al die nodige visums en reisdokumente. Dit is jou verantwoordelikheid om die nodige dokumente en toestemmings te verkry, op eie koste, en die nodige dokumente en toestemmings moet geldig bly in die minimum formaat en vir die minimum periode na die prysdatum soos wat deur die toepaslike owerhede vereis word.
17. Die weners sal deur middel van die kontakbesonderhede soos aan ons verskaf is, gekontak word. Indien ons, of 'n derdeparty verskaffer, nie in staat is om 'n wenner te kontak binne 30 dae, of 'n wenner nie in staat is om sy prys binne 60 dae op te eis nie, sal die wenner die prys verbeur en behou M-Net of kykNET die reg om 'n nuwe wenner te trek onder die selfde omstandighede.
18. Sou jy 'n prys wen, stem jy in dat jou naam gepubliseer mag word, en dat jy in persoon in die elektroniese en gedrukte media sal verskyn, en stem jy verder in om binne rede, ons goedere en dienste sal onderskryf, bevorder en adverteer sonder enige vergoeding.
19. Ons mag vereis dat jy enige verdere inligting sal verskaf wat nodig mag wees, binne rede, om jou aanvaarding en gebruik van die prys te verwerk en te fasiliteer.
20. In die geval waar jy 'n prys wen wat deur 'n derde party verskaf word, sal die party jou kontak om te reël vir die afhaal en gebruik van die prys. In hierdie geval, moet jy die prys afhaal teen die tyd en datum wat deur die verskaffer va die prys gereël word. Alle korrespondensie ten opsigte van die prys moet aan die verskaffer daarvan gerig word. M-Net of kykNET sal nie verantwoordelik gehou word vir enige verdere korrespondensie, skade, verlies of eise ten opsigte van die verskaffing van die prys nie.
21. Ons en ons derdeparty verskaffers, indien dit die geval mag wees, behou die reg om die kompetisie en pryse, of enige aspek daarvan, te wissel, uit te stel, af te stel, op te skort of te kanselleer, sonder enige kennisgewing en ter enige tyd, vir eie rede wat ons nodig ag. In die geval van so 'n wisseling, uitstel, opskorting of kansellering, stem jy daartoe in om afstand te doen van enige regte, belange en verwagtinge wat jy mag hê in terme van hierdie kompetisie en erken jy dat jy geen beroepis het teen ons, ons geaffilieerde maatskappye en derdeparty verskaffers het nie.
22. Jy stem daartoe in dat jou deelname aan hierdie kompetisie, en jou aanvaarding en/of gebruik van 'n prys, of enige aspek daarvan, op jou eie risiko is.
23. Ons en ons geaffilieerdes is nie verantwoordelik, en ontken alle aanspreeklikheid, vir enige besering, skade, verlies, uitgawes en aanspreeklikhede (hetsy direk of indirek, toevallig, bestraffend of gevolglik) van enige aard, hetsy dit voortspruit uit nalatigheid of enige ander rede, wat gelyk word deur jou deelname aan die kompetisie, of die aanvaarding en/of gebruik van enige prys deur jou, of jou mededeelnemer (indien van toepassing), of deur enige aksie wat deur ons, of enige van ons geaffilieerde maatskappye onderneem is in ooreenstemming met hierdie bepalinge en voorwaardes.
24. Jy, en in die geval van jou dood, jou familie, afhanklikes, erfgename, gevolmagtigdes of enige ander begunstigdes van jou boedel, vrywaar ons en ons geaffilieerde maatskappye ten volle en hou ons skadeloos teen enige eis deur jou, of jou mededeelnemer (indien van toepassing), (hetsy direk of indirek, toevallig, bestraffend of gevolglik), van enige aard, hetsy dit voortspruit uit nalatigheid of enige ander rede, ten opsigte van enige besering, skade, verlies, uitgawes en aanspreeklikhede wat gelyk word deur jou deelname aan die kompetisie, of die aanvaarding en/of gebruik van enige prys deur jou.
25. Jy erken dat die aanvaarding van enige pryse en die gebruik daarvan onderhewig is aan die voorwaardes dat;
 - 25.1 al die bepalinge en voorwaardes op toepassing sal wees op die skool en beide jou en jou mededeelnemers (indien van toepassing), en dat jy sal verseker dat die skool en al jou mededeelnemers instem om gebonde te wees, en sal voldoen aan, en aanhou voldoen, met die bepalinge en voorwaardes;
 - 25.2 jy volle verantwoordelikheid sal neem vir jou skool en/of mededeelnemer;

- 25.3 jy vrywaar ons en hou ons en ons geaffilieerdes skadeloos teenoor enige eis deur jou mededeelnemer of enige ander derde party in die geval dat jou mededeelnemer enige skade of verlies ly gegrond op jou mededeelnemer se aanvaarding en/of gebruik van 'n prys;
- 25.4 enige minderjarige vergesel sal word deur 'n ouer of wetlike voog.
26. Indien jy versuim, of jou mededeelnemer (indien van toepassing) versuim om te voldoen aan enige van die terme en voorwaardes, sal ons, sonder die benadeling van regte wat ons mag hê-
- 26.1 sal jy outomaties gediskwalifiseer word en sal jy die pryse verbeur (indien jy reeds 'n prys gewen het);
- 26.2 sal jy ons vergoed vir enige verlies of skade wat deur ons gely is, hetsy direk of indirek, as gevolg van jou (of indien van toepassing, jou mededeelnemer) se nie-nakoming van die bepalings en voorwaardes, insluitend al ons regskoste (insluitend die prokureur en eie kostes) wat ons mag aangaan in die neem van enige stappe as gevolg van jou (of jou mededeelnemer) se nie-nakoming; en
- 26.3 vrywaar jy ons en ons geaffilieerdes ten volle en hou ons skadeloos teen enige eis deur jou, of jou mededeelnemer (indien van toepassing), (hetsy direk of indirek, toevallig, bestraffend of gevolglik), van enige aard, hetsy dit voortspruit uit nalatigheid of enige ander rede, ten opsigte van enige besering, skade, verlies, uitgawes en aanspreeklikhede wat gely mag word as gevolg van jou (of jou mededeelnemer, indien van toepassing) se nie-nakoming van die bepalings en voorwaardes nie.
27. Vir die doel van hierdie bepalings en voorwaardes, beteken "geaffilieerdes" ons vennote, medepromotors en borge van hierdie kompetisie, ons filiale, ons en hulle affiliale en onderskeie beheermaatskappye, die filiale van hulle beheermaatskappye, en ons en hulle direkteure, beamptes, werknemers, agenta en verteenwoordigers.
28. Hierdie bepalings en voorwaardes word verbind met, geïnterpreteer en afgedwing in ooreenstemming met kontrakwetgewing en geskilbeslegting in die Republiek van Suid-Afrika.
29. M-Net en kykNET, en die beoordeelaars se besluite in enige aangeleentheid rakende die kompetisie en/of vooruitspruitend uit hierdie bepalings en voorwaardes is finaal en bindend op jou, een geen korrespondensie sal gevier word nie.
30. Die bepalings en voorwaardes moet saamgelees word met die Inskrywingsreëls en Regulasies van Revue 2016.